

## Sing vooraf staande: Psalm 118:13 (p. 579)

- 13 Geseënd is die grote Koning / wat aankom in die HEER se Naam;  
geseënd uit die HEER se woning / is volk en Koning altesaam.  
Die HEER, die God van ons betroue, / Hy kom ons met sy ligglans teen;  
bind dan die offerdier met toue / en lei dit na die altaar heen.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die  
kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## Lofpsalm 18:1 (p. 71)

- 1 Ek het U hart'lik lief, o HEER! / U is my sterkte en teëweer.  
Die HEER 's my rots, my vesting sterk, / my redder wat my heil bewerk,  
my rots wanneer die stormwind huil, / my skild, die weerkrags van my heil,  
my vesting op die bergkrans steil, / by wie ek vas en veilig skuil.

## Geloofsbelydenis: Apostolicum

*Na die wet antwoord ons met Psalm 25:2 (p. 115)*

Wet

## Psalm 25:2 (p. 115)

- 2 Leer my, HEER, u regte weë, / wys die regte pad my aan;  
maak my hart daartoe geneë, / om met lus daarop te gaan.  
Wil my deur u waarheid leer, / lei my dwalende gedagte;  
want u is my heil, o HEER! / U is ek altyd te wagte.

## Gebed

- *Doksologie:*
- *Aanbidding:*
- *Skuldbelydenis:*
- *Vergifnis:*
- *Dank:*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbeding vir die kerk,  
owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
- *Algemene bede:*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*

Amen.

## Psalm 33:1, 6 (p. 157)

- 1 Sing vrolik, hef die stem na bowe; / regverdiges, verhef die HEER!  
Dit pas opregtes God te lowe / en uit te jubel tot sy eer.  
Laat die psalmgesange – / stem van sterk verlange / om die HEER te dank –  
by die smeltendskone / harp- en sitertone, / liefde en lof verklank!
- 6 Die HEER se raad word nooit gekeer nie; / dit sal bestaan in ewigheid.  
Teen sy besluit is geen verweer nie; / bestendig duur dit vir altyd.  
Salig wie tevore / deur Hom is verkore / as sy erf en lot;  
wie so hoog geëer is, / dat dié HEER húl HEER is / en dié God húl God.

Skriflesing: 2 Tessalonisense 2

Teks: 2 Tessalonisense 2:7

**Want die verborgenheid van die ongeregtheid is al aan die werk, net  
totdat hy wat teëhou, uit die weg geruim is.**

(2 Tessalonisense 2:7 AFR53)

Ons lewe in 'n tyd waarin daar heelwat komplekse dinge gebeur wat die Here beplan het.

- Almal dinge wat die wederkoms van die Here voorafgaan.
- Ons kan sekerlik sê dat dit almal dinge is wat die wederkoms van die Here Jesus voorberei.

Ons weet almal dat die antichris eers tot volle openbaring moet kom voordat die Here Jesus kom. *Maar die antichris kan nie kom wanneer hy wil nie. Hy word ook eers teruggehou sodat die verkondiging van die evangelie tot volle ontplooiing kan kom.* Dit is die kern van hierdie Bybelgedeelte.

Kom ons kyk saam na die volgende aspekte rondom hierdie aangeleentheid:

### **1. Agtergrond**

### **2. Die stryd teen dwaalleer**

### **3. Wat is ons troos?**

#### **1. Agtergrond**

Die eerste Christelike gemeentes het nie almal eenders op die apostel Paulus se prediking gereageer nie.

- Toe Paulus aan die kerke gepreek het dat die einde van alle dinge naby is, het die gemeentelede in Korinte hulle byvoorbeeld so min daaraan gesteur dat Paulus in sy prediking na hierdie gemeente toe moes terugkom en leer dat die wederkoms inderdaad voor die deur is.
- Die Korintiërgemeente was so tuis in die wêreld dat die Here Jesus – sover dit hulle aangegaan het – nie nodig gehad het om weer te kom nie.
  - Hulle het baie gemaak van hulle huwelik – en van hulle besigheidslewe.
  - Hulle het aan allerhande strukture in die wêreld gewerk, en selfs hulle geskiedenis losgemaak van die wederkomsverwagting.
  - Prakties het hulle die band tussen hierdie wêreld en die toekomstige een deurgesny.

Maar in Tessalonika was die toestand heeltemal anders.

- Hulle het gedink dat die wederkoms van die Here so naby is dat hulle heeltemal opgehou het om te werk.
  - Hulle het gedink dat die tyd geen sin en betekenis meer het nie, want die wederkoms is dan nou voor die deur!
  - Daarom het hulle omtrent letterlik net gaan sit en wag vir die wederkoms en niks verder gedoen nie.

Dit is die agtergrond waarteen hierdie brief aan die Tessalonisensers geskryf is. Daarom het die Here deur Paulus se prediking ingegryp in hierdie gemeente se geloofslawe en vir hulle geskryf dat die wederkoms nie so naby is dat hulle maar net agteroor kan gaan sit en met gevoude arms kan sit en wag nie.

Die Here laat weet vir ons dat die wederkoms van die Here Jesus eers kom wanneer die antichris tot openbaring gekom het. En soos die gemeente van Tessalonika kan sien, is daar iets wat hom teëhou.

- In vers 1 begin die apostel Paulus om die dinge wat die wederkoms raak, uiteen te sit. Die dag van die Here is inderdaad naby, en dit sal so gebeur dat ons (die gelowiges) op daardie dag met die Here verenig sal word.

- In vers 2 waarsku die Here dat ons nie perspektief moet verloor of in vrees moet verval nie. Oor sulke ingewikkelde sake kan enige mens dinge begin verkeerd verstaan, want ons almal se verstande is maar beperk, en ons insigte is baie krom as gevolg van die sonde.
  - Daarom korrigeer die Here in sy genade die valse verwagtinge wat ons het.
  - Die Here wil nie hê dat sy kerk onjuiste voorstellings moet hê oor hierdie dag, en ook oor die tyd wat hierdie dag sal voorafgaan nie.
  - Daarom staan hier letterlik dat die kerk nie sy nugterheid moet verloor nie!
- Vers 3 begin met 'n uiteensetting van die dinge wat die dag van die Here sal voorafgaan.
  - Die gemeente moet waak dat iemand hulle nie dalk mislei nie.
  - Daar gaan inderdaad mense wees wat die dag van die Here, en ook die koms van die dag van die Here so gaan propageer dat daar allerhande misleidinge in die saak ingebou gaan wees.
  - Die Here stel dit self dat daar magte gaan wees wat allerlei bedrog gaan invoer in die aankondiging van die dag van die Here.

## 2. Die stryd teen dwaalleer

Kyk wat sê die Here hier! Hy bring dit aan die verstand van die gemeente van Tessalonika dat daar vir hulle nog baie werk en stryd gaan wees voordat die dag van die Here aanbreek.

- Hulle kan nie so met gevoude hande sit nie.
- Hulle moet hulle staal vir die geloofstryd wat nog voorlê!

Die Bybel motiveer die aanslag van misleidinge en verkeerde voorstellinge op ons (v.3.):

**want eers moet die afval kom en die mens van die sonde geopenbaar word, die seun van die verderf, die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word, of voorwerp van aanbidning is, sodat hy in die tempel van God sal sit as God, en voorgee dat hy God is.** (2 Tessalonisense 2:3 AFR53)

Die groot vraag vir die Tessalonisensers was: Wanneer kom die Here? Almal weet dat hierdie dag met groot spoed naderkom, maar wanneer is die dag?

Die aanhaling stel dit baie duidelik dat jy heeltemal aan die verkeerde kant van die draad staan as die Here kom en Hy jou ledig kry!

- Daar gaan 'n **groot afval** plaasvind voordat die Here kom. Wat is jou aandeel daaraan – of hoe beveg jy dit?
- Die goddelose mens moet geopenbaar word. Ken jy jou Bybel goed genoeg om enige goddelose mens met 'n sektariese leer behoorlik te kan onderskei?

Dit is die dinge wat binne die gesigsveld van hierdie Bybeldeel val.

**Die Here leer dus dat daar 'n atmosfeer van geloofspanning en kerklike onrus is wat die wederkoms voorafgaan. Die kerk het dus 'n duidelike opdrag dat sy moet waak!**

- Daar is 'n geestelike mag aan die werk. Dis 'n krag wat die Satan se werke tot ontplooiing dryf.
- Hierdie Satan werk in die kerk – net soos die Here.
  - Maar hy bewerk presies die teenoorgestelde as die Here.
  - Daar staan dat hy die mens van die sonde is.
  - Letterlik staan daar dat hy 'n mens van wetteloosheid is!

Hierdie wetteloosheid gaan in die kerk aangebied word asof dit presies die ding is wat die Here Jesus van sy kerk verwag.

*Dwaalleer gaan so in die kerk indring dat die lidmate van die kerk die antichris aanbid, terwyl hulle onder die indruk is dat hulle die Here aanbid. Die antichris gaan God se plek in die kerk heeltemal oorneem!*

- Die Bybel leer op 'n ander plek ook dat die antichris homself as Jesus Christus kom aanbied (Markus 13).
- Jesus Christus was daar self aan die woord toe Hy gesê het dat daar valse christusse sal opstaan, en dat daar gesê sal word: Hier is die Christus, en daar!
- Die beginsel is in elk geval baie duidelik: Daar kom in die kerk 'n bewustelike verset teen alles wat waar en reg is by die Here.
- Dit is in wese niks anders nie as 'n verloëning van God self en van sy hoogheid en majesteit.

Die antichris se verset gaan sy hoogtepunt bereik wanneer hy hom teen God self gaan verset.

- Hy gaan in God se tempel sit en hy gaan voorgee dat hy God is.
- Prakties beteken dit maar net dat hy die godsdiens so gaan verdraai dat hy al die eer en aanbidding wat God toekom, vir homself gaan opeis.
- Ons sal swaarkry om te kan onderskei tussen waar en vals as ons kennis van God en sy Woord nie baie fyn is nie, want die Here waarsku dat die antichris kragte en tekens sal doen om sogenaamd te bewys dat hy God is.
- Net voor die wederkoms sal die antichris baie demonstrasies doen, maar voorlopig word hy teruggehou, sodat hy nie nou al hiermee verwoestingswerk in die kerk kan saai nie.

### **3. Wat is ons troos?**

Die vraag kom nou by mens op: Wie is dit wat die antichris teëhou? En waarom word hy teëgehou? Waarvoor moet daar nog gewag word?

- Die woorde wat hier in die Bybel staan, dra – sonder dat dit geskryf staan – die feit aan ons oor dat die duiwel nie kan doen wat hy wil nie.
- Hy kan die antichris ook nie laat kom wanneer hy wil nie, en hom ook allermins laat doen wat hy wil! Daar is 'n groter krag as hyself wat hom vertraag. Hier staan nie in die Bybel wie die krag is nie.

Paulus skryf net dat die gemeente van Tessalonika mos weet wie dit is!

- Dit is die Here, maar omdat dit so vanselfsprekend is, word dit sterker beklemtoon deur dit nie te sê nie.
- Die gemeente weet mos dat God in sy raad alleen beskik oor alle tye en geleenthede, waarom moet die apostel dit nou weer vir hulle skryf?

Die vraag is net: Hoe doen die Here dit? Mens moet hier altyd die Here Jesus se eie uitsprake oor die eindtyd in gedagte hou.

- Die Here het gesê dat daar verskriklike dinge is wat die laaste dae sal voorafgaan – oorloë, aardbewings en hongersnood.
- Maar dan die belangrike woorde: En die evangelie moet eers aan al die nasies verkondig word (Markus 13: 10).
  - Al kom die einde met hoeveel haas, die evangelie moet eers deur die prediking verkondig word totdat God se raad daarmee voltooi is.
  - Die Bybel verkondig dus hier groot troos: Hierdie totale wetteloosheid word deur Jesus Christus beteuel totdat die evangelie sy loop voltooi het.

*Die prediking van die evangelie is die middel wat God gebruik om die antichris terug te hou in sy koms, en Jesus Christus is die Persoon wat sy vertraging veroorsaak. Die Here Jesus betuel met sy almagtige krag die wetteloosheid en die koms van die antichris.*

MAAR daar kom 'n tyd wanneer die Here Jesus die antichris nie meer gaan terughou nie. Nie omdat Hy nie kan nie. Omdat Hy die duiwel die geleentheid wil gee om sy boosheid voluit te bedryf.

- U moet dus weet dat daar 'n tyd gaan aanbreek dat die antichris baie kragte en tekens gaan doen om mense te verlei.
- Hy gaan die sonde en wetteloosheid so aantreklik (en Bybels!) voorstel dat groot dele van die mensdom hom gaan volg.
- Hy gaan ook nie die lewe afbreek nie – dit moet u weet! Dit sal vir die mense lyk asof hy die lewe volmaak maak!
  - Met hierdie voorstellings van hom gaan die antichris dit so voorstel asof hy die afskrikwekkende van die sonde verwyder het.
  - Omdat die Here Jesus die antichris die volle geleentheid gaan gee om sy kwaad te bedryf, gaan dit wat die mense tans van die sonde afskrik ook verdwyn. Dit gaan maklik word om allerhande verkeerde dinge te doen en die antichris te volg – terwyl jy duidelik onder die indruk mag verkeer dat jy die Here dien!

U moet net nie dink dat die mense hom teen hulle sin gaan volg nie.

- Dit sal net die ware gelowiges wees wat teen hulle sin verdruk en gemartel gaan word juis omdat hulle die antichris kan uitken vir wat hy werklik is, en hom daarom nie volg nie.
- Dit is 'n geweldige gevaarlike tyd waarteen die Here ons hier waarsku.
  - Dit sal 'n tyd wees wanneer die mense afskuwelik bedrieg gaan word.
  - Hulle sal heeltemal vasgevang sit in die greep van die leuen sonder dat hulle dit sal agterkom.

Die ware gelowige hoef nie hom nie oor hierdie verskriklike tyd te bekommer nie, want die Here sê baie duidelik wie die mense is wat agter die antichris sal aanloop. Lees maar weer vers 10:

**... en met allerhande verleiding van ongeregtigheid in die wat verlore gaan omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie.**

Dit gaan hulle ook werlik oorkom dat hulle die antichris sal volg want vers 11 sê dat God vir hulle die krag van dwaling stuur om die leuen te glo.

- Maar let net fyn op: Dit geld nie alle mense nie – dit geld net dié wat verlore gaan.
- Vers 13 is baie duidelik daarvoor dat daar mense is vir wie die Here lief is, en dat die Here hierdie mense verkies het tot saligheid.
- Dis ook ter wille van hulle dat die antichris teruggehou word.

U moet ook onthou dat alle magte in die hemel en op die aarde aan die Here onderwerp is en dat hulle net kan doen wat die Here wil hê dat hulle moet doen – ook die duiwel en die antichris.

- Daarom is die antichris in hierdie optrede van hom 'n dienskneg van God.
- Dit staan in hierdie gedeelte geskryf dat die antichris se werk so is dat almal geoordeel kan word wat die waarheid nie glo nie maar 'n behae het in ongeregtigheid.

Die toepassing van hierdie gedeelte op ons is dat ons moet onthou dat ons later lewe as die Tessalonisensers.

- Ons lewe iewers in hierdie tyd waarin die Satan en sy touleiertjie, die antichris, stelselmatig losgelaat word om van kwaad na erger te gaan.
- Daarom moet u baie dringend besin: Waar staan ek en jy in ons verhouding tot die antichris? Kan ons die mens van die sonde uitken as ons met hom te doen kry?
- Het ons genoeg geloof om ons te kan verset teen geloofsverleidinge?

Dis baie maklik om te sê dat jy 'n ware gelowige is, maar dis nie te sê dat jy die waarheid praat nie. Jy kan al lankal met die leuen heul saam met die Satan – soos hy dit doen in die Naam van Jesus Christus.

- Waarom woon so baie van ons net een keer op 'n Sondag die geleentheid om te aanbid by, terwyl ons dit twee keer kan doen?
- Wat van die lidmate wat nie ook finansiële opoffer vir die voortgang van die erediens nie?
- Op 'n baie ernstiger vlak lê die redenasies van die wat die kerk by die wêreld wil laat aanpas ter wille van getalle – God tel nie net nie, Hy weeg ook!
- Dit is tog duidelik, geliefde broeders en susters, dat daar terreine van oneerlikheid in ons geloofslêwe voorkom.
  - Dwaalleer is nie net om byvoorbeeld die uitverkiesing te ontken of om die Here Jesus se verlossing te koppel aan allerhande menslike gebruike nie.
  - Dwaalleer is ook om allerhande uitvindinge van 'n sondige aard te hê waarmee jy die ware aanbidding omseil.

Die vraag is of sulke mense enige aanspraak op genade gaan hê wanneer die Here kom.

- Onthou dat die kruisdood van u Verlosser Jesus Christus was sodat u ook in sy Naam ware en reguit verantwoordelikheid teenoor Hom aan die dag kan lê.
- Hy het gesterf en opgestaan sodat u as oorwinnaar oor die duiwel en sy trawante – soos die antichris – kan heers.
- Verder het Hy die Heilige Gees gestuur om u te lei in die dinge wat vir die Here waar en reg is.
- Maar – en dis waarom dit gaan – u kan Hom net volg indien u ook voluit verantwoordelik is in alles wat die eer van God en die ware geloof in die verlossing van die Here Jesus raak.

Die troos is dat u uitverkies is, soos dit hier staan, en dat u voluit in die genade van die Here staan. Maar die verantwoordelikheid bly dat u die teëstander moet ken, en nie deur hom verlei word nie.

**Amen.**

Slotgebed

Slotpsalm 1:4 (p. 2)

4 God ken die pad waarop sy volk moet gaan; / sy oog is dit wat hulle gadeslaan en met sy lig hul lewenspad bestraal het; / maar sondaarspad wat van Hom weggedaal het – dit moet vergaan; onkeerbaar in hul spoed, / loop hul oplaas 'n afgrond tegemoet.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Hulpdienspredikant  
Gereformeerde Kerk Clanwilliam  
Datum: 6 Januarie 2013